

# BEHANDELDE HOUTPALE: ALGEMENE INLIGTING

Daar is soms wanopvattinge oor behandelde pale se eienskappe. Die brosjure beoog om die wanopvattinge uit die weg te ruim.

## MOENIE 'N PAAL OP SY BAADJIE TAKSEER NIE!

Verbruikers is soms huiwerig om behandelde pale te gebruik a.g.v. slegte ervarings, soos pale wat voortydig gefaal het omdat daar nie aan vereistes voldoen is nie. Die behandeling van pale met verduursamingsmiddels is 'n wetenskap op sy eie wat spesifieke prosesseringsmetodes vereis. Daar is ongelukkig onwettige behandelaars wat pale verkoop wat op die oog af lyk of dit behandel is, maar binne 'n kort tydperk faal. U beskerming is die aansak van gesertifiseerde pale met die vereiste kwaliteitsmerk van 'n SANAS geakkrediteerde liggaam as bewys van voldoening.

## HOE OM 'N PAAL AAN TE KOOP?

Elke paal met die kwaliteitsmerk word geag as sodanig vervaardig dat die pale:

- oor die voldoende hoeveelheid preserveermiddel beskik dat dit nie sal verrot of deur insekte aangeval sal word nie. Die term daarvoor staan as "retensie" bekend.
- met preserveermiddel tot op 'n vereiste spinthoutdiepte onder druk ingedring is. Dit word "penetrasie" genoem. Daar word ook vereis dat pale eers gedroog en gradeer word voordat dit behandel word ten einde korrekte opname te verseker en die ontstaan van barste en krake na behandeling te beperk.
- die vereiste merke dra wat die volgende inligting bevat:
  - Die identiteit of handelsmerk van die vervaardiger;
  - Die jaar waarin die paal behandel is;
  - Die kwaliteitsmerk van die SANAS geakkrediteerde liggaam; en
  - SANS 457 nommer en H-klas (sien gevaarklassifikasies).

Om die eindverbruiker teen wanpraktyke te beskerm, is daar NRCS regulasies en 'n verpligte spesifikasie vir behandelde houtprodukte. Dit vereis dat vervaardigers NRCS goedkeuring het en SANAS-geakkrediteerde sertifisering het om te verseker dat daar aan die toepaslike SANS standaarde voldoen word. Hulle kwaliteitsmerk beteken dat die produk geskik is vir die doel waarvoor dit gemaak is.

## BLOEKOM OF DEN?

Standaard maak voorsiening vir beide dennepale (SANS 457-2) en bloekompale (SANS 457-3) en word volgens SANS 1288 behandel.

As 'n algemene riglyn is denne 'n naaldhout met groter spint- tot kernhout verhouding en kan dit geskil /gemasjineer word. Bloekomhout is 'n loofhout, met kleiner spint- tot kernhout verhouding en kan effens sterker wees. Bloekom- of dennepale wat volgens die toepaslike deel van SANS-457 vervaardig is, is albei geskik vir gebruik as strukturele, landbou- heining- en algemene nutpale.

## GEVAARKLASSIFIKASIES:

Omdat hout in gebruik aan verskillende grade van gevaar blootgestel word, het die bedryf 'n Gevaarklassifikasie (H klasse) ontwikkel. Dit bepaal die hoeveelheid chemikalieë wat vereis word sowel as die diepte tot waar die chemikalieë binne-in die hout moet indring om te verseker dat dit oor die langtermyn effektief sal wees. Hier is 'n lys van H-klasse wat die verskillende blootstelling en gebruikse uitlig:

H2 Binnenshuis bo-grond b.v. dakkappe, vloere, ens,

H3 Buite bo-grond b.v. dekke, muurbekleding, ens,

H4 In die grond b.v. heiningpale, ligte strukture, motorafdakke, ens,

H5 In varswater of nat grond d.w.s keermure, hawehowe, landboupale, fondasie pale, ens

H6 In mariene waters d.w.s seehowe, hawens, loopweë, struktuurpale in direkte kontak met seewater.

Hoe meer veeleisend die blootstelling en toepassing, hoe meer en hoe dieper die preserveermiddel.

## PALE SE VERSKILLENDE KLEURE?

Pale is meestal in twee kleurskakerings beskikbaar. Kreosootpale wissel van bruin tot swart en word na verwys as 'n teerpaal. CCA-pale is liggroen van kleur en is met 'n waterbasis oplossing behandel. Die preserveerings-eienskappe van Kreosoot en CCA is albei in staat om hout doeltreffend teen aanvalle van verrottingswamme en houtvernietigende insekte te beskerm. Ander groen (koperbasis) geregistreerde preserveermiddels beskikbaar in Suid-Afrika is CuZn en ACQ, maar die beskikbaarheid is beperk.

Boraat is 'n kleurlose chemikalieë met beperkte beskikbaarheid in die mark en word slegs gebruik waar die swart of groen kleur nie verkies word nie. Pale wat met Boraat behandel is, het egter beperkte gebruiksmoontlikhede vanweë die uitsyferingseienskap van die preserveermiddel indien dit buite gebruik word en is nie geskik vir gebruik in die grond nie.

## PALE SE OORSPRONG:

Pale kom uit plantasies wat in Limpopo, Mpumalanga, KZN, Oos-Kaap, Eswatini (bloekom) en Suid & Wes-Kaap (denne) aangeplant is. Dit maak nie saak waar die paal vandaan kom nie. As dit aan die SANS-spesifikasie voldoen, is dit geskik.

## EIENSKAPPE VAN KREOSOOT EN CCA

EIENSKAP		KREOSOOT	CCA
Doeltreffendheid	Swamme Termiete Boorkewers Marieneboorders	Goed Goed Goed Goed	Goed Goed Goed Goed
Langdurendheid (verlies van preserveermiddels)	Bloei Wegsyfering Verdamping	Redelik Gering Gering	Geen Geen Geen
Penetrasie		Goed	Goed
Uitwerking op eienskappe van hout	Sterkte Afmetings Vlambaarheid Korrosie Verfbaarheid Lymvatbaarheid Kleur Reuk Sindelikheid	Geen Geen Gering Geen Swak Swak Donker Sterk Olierig	Gering Gering Geen <sup>1</sup> Gering <sup>2</sup> Goed <sup>3</sup> Goed <sup>3</sup> Liggroen Geen Goed
Gifigheid teen insekte		Hoog	Hoog <sup>4</sup>
Waterwerend		Goed	Geen <sup>5</sup>

- Hout wat met CCA behandel is, kan deur hoë hitte veldbrande beskadig word vanweë die vatbaarheid daarvan vir nagloeiing.
- CCA-behandelde hout moet vir ten minste sewe dae gelaat word alvorens metaalhegstukke en toebehore daaraan vasgeheg word.
- Behalwe waar die preserveermiddel se samestelling 'n waterwerende middel soos was of was-agtige olie bevat wat 'n nadelige uitwerking op die verf-en lymvatbaarheid van die behandelde hout mag hê.
- Sodra dit volkome met die hout-chemiese-samestelling gereageer het, is CCA-behandelde hout volkome veilig om te hanteer en te gebruik.
- Waterwerendheid kan met die insluiting van 'n was/olie-bymiddel bewerkstellig word.

## TER OPSOMMING: KOOP PALE WAT AAN SANS 457 VOLDOEN EN SO GEMERK IS

Indien u verdere inligting oor enige aspek van behandelde houtprodukte nodig het, tree met SAWPA in verbinding by:

Tel: (011) 974-1061 / 078 144 6213

E-pos: [admin@sawpa.co.za](mailto:admin@sawpa.co.za)

Webtuiste: [www.sawpa.co.za](http://www.sawpa.co.za)



South African Wood Preservers Association